

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2022

BESIGHEIDSTUDIES V2

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE van die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let wel dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ’n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ’n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**30**	**20**
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: (Beantwoord enige TWEE.)	**2**	**40**	**70**
	3	**40**	
	4	**40**	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: (Beantwoord enige EEN.)	**5**	**40**	**30**
	6	**40**	
TOTAAL		**150**	**120**

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ’n nuwe bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

8. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 1.1.6 D.

1.1.1 Die bedrag wat die versekerde moet betaal wanneer hy/sy ’n eis indien:

A Bybetaling
B Premie
C Boekwaarde
D Rente

1.1.2 Hierdie beleggingsvorm word deur ’n fondsbestuurder bestuur wat aandele op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs koop:

A RSA-kleinhandelspaareffekte
B Aandele
C Effektetrusts
D Vaste deposito’s

1.1.3 Tau het die … leierskapsteorie toegepas toe hy sy span geïnspireer en gemotiveer het om hul persepsies van hul werk te verander.

A leiers en volgelinge
B transaksionele
C situasionele
D transformasie

1.1.4 Dit is EEN van die stappe wat besighede kan oorweeg wanneer hulle konflik in die werkplek hanteer:

A Implementeer dissiplinêre prosedures
B Verskaf ontspanningsgeriewe
C Kies ’n geskikte oplossing
D Verskaf byvoordele

1.1.5 Kreatiewe denke in die werkplek beteken om … om besigheids-probleme op te los.

A ou maniere te gebruik
B innoverende idees te ontwikkel
C roetinedenke te gebruik
D een werknemer toe te laat

(5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

dinkskrum; etiese kode; herinbesitstelling; dividende; instruksie; kommunikasie; handleiding; awery; nominale groep; rente

1.2.1 'n Vergoeding wat aan aandeelhouers uitbetaal word op die winste van die besigheid staan as … bekend.

1.2.2 Die bepaling van … is van toepassing wanneer die versekeraar verlore of beskadigde eiendom of goedere sal vervang.

1.2.3 Die … tegniek gee werknemers tyd om in stilte oor die vraag te dink voordat hulle reageer.

1.2.4 Mzimasi, 'n spanleier verskaf gehalte-terugvoering om die moraal van die spanlede te verbeter. Hierdie is 'n voorbeeld van ... as 'n kriteria vir suksesvolle spanprestasie.

1.2.5 Die … is 'n geskrewe dokument wat die beginsels en waardes wat die besigheid handhaaf, aandui.

(5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by ’n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 1.3.6 K.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Padongelukkefonds	A wettige maniere om die las van belasting te verminder
1.3.2 Kapitaalwins	B hang daarvan af of werkers verandering aangryp
1.3.3 Situasionele leierskap	C alternatiewe oplossings word gegenereer en krities geëvalueer
1.3.4 Belastingontduiking	D fonds om werknemers te vergoed vir beserings en siektes wat by die werk opgedoen word
1.3.5 Besluitneming	E die verkoop van ’n bate wat in waarde toegeneem het
	F hang af van die spesifieke omstandighede wat heers
	G fonds om bestuurders van voertuie te vergoed teen eise deur persone wat in voertuigongelukke beseer is
	H die verkoop van ’n bate laer as die oorspronklike prys
	I alternatiewe word oorweeg voordat die beste een gekies word
	J onwettige manier om betaling van belasting te vermy

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ’n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op ’n NUWE bladsy, VRAAG 3 op ’n NUWE bladsy, ens.

VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Gee DRIE voorbeelde van nieversekerbare risiko’s. (3)

2.2 Beskryf kortliks die verskil tussen *enkelvoudige* en *saamgestelde rente*. (4)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Kevin het R50 000 uit sy oorlede moeder se boedel geërf en besluit om die geld in ’n vaste deposito by Kontant Bank te belê. Die bank het hom ’n rentekoers van 12% aangebied wat jaarliks saamgestelde word oor ’n tydperk van drie jaar.

2.3.1 Bereken die rentebedrag wat Kevin na DRIE jaar sal ontvang. Toon ALLE berekeninge. (6)

2.3.2 Verduidelik die voordele om in vaste deposito’s te belê. (4)

2.4 Bespreek die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SIZWE BAKSTEENVERVAARDIGING (SBV)
SBV spesialiseer in die vervaardiging van bakstene vir ’n nywerheids-ontwikkeling in Coega. Ben, die produksiebestuurder, pas direkte toesig en streng beheer toe om produkte en dienste van hoë gehalte te verseker.

2.5.1 Identifiseer die leierskapstyl wat deur Ben gebruik is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

2.5.2 Stel TWEE situasies voor waarin die leierskapstyl wat in VRAAG 2.5.1 geïdentifiseer is, in die werkplek toegepas kan word. (4)

2.6 Bespreek enige TWEE beginsels van versekering. (6)

2.7 Gee besighede raad oor die voordele van versekering vir besighede. (4)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem DRIE tipes onetiese sakepraktyke. (3)

3.2 Beskryf kortliks die verskille tussen etiese en professionele gedrag. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

AMANDA KOMBUIS (AK)
Amanda Kombuis het 'n afname in verkope as gevolg van Covid-19-inperking ervaar. AK het kundiges versoek om maniere voor te stel oor hoe om haar besigheidsprobleem op te los.

3.3.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat AK gebruik het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.3.2 Beskryf die voordele van die probleemoplossingstegniek geïdentifiseer in VRAAG 3.3.1. (4)

3.4 Bespreek maniere waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder. (4)

3.5 Verduidelik die belangrikheid van spandinamika-teorieë in die verbetering van spanprestasie. (6)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

JON-JON MOTORS (JJM)
Joseph, die bestuurder van JJM, belowe Jane 'n kassier, 'n promosiepos as sy instem om 'n verhouding met hom te hê. Hy stuur persoonlike e-posse en boodskappe met behulp van die besigheidsinternet tydens sy middagete.

3.6.1 Identifiseer TWEE tipes onprofessionele sakepraktyke wat deur Joseph getoon word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.6.1 te beantwoord.

TIPES ONPROFESSIONELE SAKEPRAKTYKE	**MOTIVERINGS**
1.	
2.	

(6)

3.6.2 Stel maniere voor waarop JJM EEN van die tipes onprofessionele sakepraktyke geïdentifiseer in VRAAG 3.6.1 kan hanteer. (4)

3.7 Verduidelik hoe besighede die kragveld-analise kan toepas om besigheids-probleme op te los. (6)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem enige VIER tipes voordele wat deur die Werkloosheidsversekerings-fonds (WVF) uitbetaal word. (4)

4.2 Brei uit oor die betekenis van *leierskap.* (4)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PATRICK LOODGIETERS (PL)

Patrick Loodgieters het hul besigheidsperseel vir R400 000 verseker terwyl die werklike waarde R500 000 is. 'n Vuur by die perseel het skade van R40 000 tot gevolg gehad.

4.3.1 Noem die versekeringsklousule wat op PL van toepassing in die scenario hierbo is. (2)

4.3.2 Bereken die bedrag wat Patrick Loodgieters vanaf die versekeraar as vergoeding moet ontvang. Toon ALLE bewerkings. (4)

4.4 Evalueer die impak van die demokratiese leierskapstyl op besighede. (6)

BESIGHEIDSROLLE

4.5 Noem enige VIER stappe in probleemoplossing. (4)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MENZI MODE-ONTWERPERS (MMO)

Menzi Mode-ontwerpers wou die ontwerp van sommige van hul kledingstukke verander. Werknemers by MMO word aan swaar werkladings onderwerp wat tot stres lei. Gebrek aan werknemerontwikkeling verhoog frustrasievlakke aangesien werkers foute kan herhaal as gevolg van 'n gebrek aan vaardighede.

4.6.1 Haal TWEE oorsake van konflik by MMO aan. (2)

4.6.2 Beskryf kortlikse ander oorsake van konflik in die werkplek. (4)

4.7 Verduidelik hoe besighede die King-kode-beginsel van *deursigtigheid* vir goeie korporatiewe bestuur kan toepas om hulle etiese sakepraktyke te verbeter. (4)

4.8 Beveel maniere aan waarop professionele, verantwoordelike, etiese en doeltreffende sakepraktyk behartig moet word. (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op ŉ NUWE bladsy of VRAAG 6 op ŉ NUWE bladsy, ens.

VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGING: SEKURITEITE)

Besighede bied verskillende soorte aandele en die regte van toepassing op elke soort aandeel verskil. Beleggers moet ŉ grondige kennis hê van faktore wat oorweeg moet word voordat ŉ ingeligte beleggingsbesluit geneem word. Belegging in aandele wat op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs genoteer is, kom met verantwoordelikhede soveel as wat dit belonings het.

Hou die stelling hierbo in gedagte en skryf ŉ opstel oor die volgende aspekte:

- Beskryf kortliks die regte van voorkeuraandeelhouers.
- Verduidelik die volgende faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word:
  - Belasting
  - Risiko
  - Likiditeit
- Bespreek die impak van aandele as ŉ beleggingsvorm.
- Gee besighede raad oor die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE). **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (BEOORDELING VAN SPANPRESTASIE EN KONFLIKBESTUUR)

Spanwerk speel ŉ belangrike rol in die bereiking van besigheidsdoelwitte en -doelstellings. Besighede moet werknemers opvoed oor die kenmerke van spanprestasie en oor die verskillende stadiums van spanontwikkeling. Die bestuur en werknemers moet goed vertroud wees met die korrekte prosedure om griewe in die werkplek te hanteer. Besighede moet maniere vind om moeilike werknemers in die werkplek te hanteer.

Skryf ŉ opstel oor die beoordeling van spanprestasie en konflikbestuur waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks kenmerke van suksesvolle spanprestasie.
- Verduidelik VIER stadiums van spanontwikkeling.
- Bespreek die korrekte prosedure om griewe in die werkplek te hanteer.
- Stel maniere voor waarop besighede moeilike werknemers in die werkplek kan hanteer. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou